Verwysing: 20170116-7289
3/3/2/4/12
Navrae: Inbelsentrum

Strategiese Mensbestuursminuut: 0001/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure; Adjunk-direkteure; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning; Hoofde: Distriksleerderondersteuning; Prinsipale en alle Staatsdienspersoneel

Onderwerp: Die belangrikheid van opvoeders en staatsamptenare wat om toestemming aansoek doen om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig en besigheid met 'n staatsinstelling te doen

1. Artikel 33 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), artikel 30(b) van die Staatsdienswet, 1994 (Wet 103 van 1994), en artikel 13(c) van die Staatsdiensregulasies, 2016 lig alle werknemers in aangaande hul verpligting om by die Hoof van die Departement om toestemming aansoek te doen, indien hulle besoldigde werk buite die staatsdiens wil verrig.

2. Werknemers wat nog nie goedkeuring gevra het om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig nie, asook diegene wat van voorneme is om besoldigde werk buite die staatsdiens te doen, moet onmiddellik hul aansoeke om sodanige werk te verrig, indien. Goedkeurings word per boekjaar (01 April tot 31 Maart van die volgende jaar) toegestaan en dus moet werknemers jaarliks vooruit aansoek doen.

3. Om toestemming te verkry moet die aangehegte (hersiene) aansoekvorm voltooi en by die volgende adres ingedien word:

   Hoof: Onderwys
   Vir aandag: Direkteur: Strategiese Mensbestuur
   Wes-Kaap Onderwysdepartement
   Privaatsak X9114
   Kaapstad
   8000

4. Paragraaf 13(c) van Deel 1, Hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, 2016, wat op 01 Augustus 2016 in werking getree het, verklaar dat 'n werknemer "*nie sake met enige staatsinstelling sal doen of 'n direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy sal wees wat sake met 'n staatsinstelling doen nie, tensy sodanige werknemer in 'n*

amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is''. Hierdie bepaling is *mutatis mutandis* van toepassing op werknemers wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) aangestel is.

5. Die Departement van Staatsdiens en Administrasie het oorgangsreëlings vir die implementering van paragraaf 13(c), soos hierbo weergegee, uitgereik. Dit dui daarop dat: 'n Werknemer wat sake met 'n staatsinstelling doen of 'n direkteur is van 'n maatskappy wat sake met die staatsinstelling doen, moet dit as sodanig nie later nie as 31 Januarie 2017 op die aangehegte openbaarmakingsvorm verklaar.

6. 'n Staatssinstelling word, onder andere, as alle staatsdepartemente, plaaslike regerings en semistaatsinstellings gedefinieer.

7. 'n Werknemer wat sake doen met 'n staatsinstelling of 'n direkteur is van 'n maatskappy wat met die staatsinstelling sake doen, sal:

   (i) teen 31 Januarie 2017 sake met die staatsinstelling staak of as 'n werknemer bedank;
   (ii) teen 31 Januarie 2017 as 'n direkteur van 'n maatskappy wat sake doen met 'n staatsinstelling bedank of as 'n werknemer bedank.

8. Indien die werknemer nie teen die bovermelde datum bedank nie, moet die werknemer bewys indien dat die werknemer nie later nie as 28 Februarie 2017 sake gestaak of as 'n direkteur van 'n maatskappy wat sake doen met 'n staatsinstelling bedank het.

9. Werknemers wie se persoonlike besonderhede gekoppel is aan 'n privaat maatskappy op die Register van die Maatskappye en Intellektuele Eiendomskommissie en wat nie langer besoldigde werk buite die staatsdiens verrig nie, word vriendelik versoek om te verseker dat hulle behoorlik gederegistreer is.

10. Versuiming om aan die voorwaardes soos uiteengesit in hierdie minuut te voldoen, mag dissiplinêre optrede tot gevolg hê.

11. Werknemers waarvoor bykomende vergoeding deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement voorsien word ten opsigte van, onder andere, matriekeksamennasieners, opleiers/fasiliteerders, onderwysers wat toesighoudende pligte by koshuise uitvoer, hoef nie aan die direktief in paragraaf 5 te voldoen nie aangesien bykomende betalings ingevolge bestaande wetgewende bepalings gewaarborg word.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel onder u toesig.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-01-21